VERSO®
FINANCIAL SERVICES (PTY) LTD
An authorised Financial Services Provider

Belmont Office Park, Twist Street, Bellville, 7530
P.O. Box 4300, Tyger Valley, 7536
Tel: 021 943 5300
Fax: 021 917 4601
E-mail: info@verso.co.za
Web: www.verso.co.za

ERKENNING VAN AANSPREEKLIKHEID EN OOREENKOMS OM TE BETAAL

SAMBREEL FONDS / FONDS NAAM _____

DEELNEMENDE WERKGEWER _____

1. PARTYE

WERKGEWER NAAM _____

VOLLE NAME VAN WERKNEMER/LID _____

2. AGTERGROND

2.1 Die Werknemer/Lid hierbo is 'n lid van 'n aftreefonds wat deur die Werkgewer aangebied word;

2.2 Kragtens die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956, mag 'n aftreefonds sekere gemagtigde aftrekkings direk van die lid se aftreevoordele maak vir oorbetaling aan die Werkgewer op grond van die Werknemer/Lid se erkenning van aanspreeklikheid;

2.3 Hierdie ooreenkoms beoog om daardie regte van die Werkgewer teenoor die Werknemer/Lid vis-à-vis die aftreefonds vas te lê.

3. ERKENNING

3.1 Die Werknemer/Lid erken dat hy waarlik en wettiglik verskuldig is aan die Werkgewer die bedrag soos uiteengesit in hierdie dokument;

3.2 Die Werknemer/Lid erken dat hierdie skuld/aanspreeklikheid teenoor die Werkgewer voortspruit uit die skuldoorsaak soos uiteengesit in hierdie dokument, en dat die vergoeding ten opsigte daarvan direk betaalbaar is van enige voordele waarop hy, of enige ander begunstigde van hom, kragtens die reëls van die aftreefonds op geregtig mag wees;

3.3 Die Werknemer/Lid stem in dat sy aftreevoordele by toevalling aan hom dienooreenkomstig aangewend mag word, hetsy ten dele of ten volle, ter aflossing van sy aanspreeklikheid. Enige tekort, indien enige, bo die opbrengs van die gemelde aftreevoordele bly 'n skuld teenoor die Werkgewer.

4. DOMICILIUM

Vir doeleindes van hierdie ooreenkoms, kies die Werknemer/Lid die woonadres van hierdie dokument as die domicilium citandi et executandi.

5. JURISDIKSIE

Die Werknemer/Lid stem toe tot die jurisdiksie van die landdroshof nieteenstaande dat die bedrag ter sprake die jurisdiksie van die landdroshof mag oorskry.

6. EKSEPSIES

Die Werknemer/Lid doen afstand van die voordele van die volgende regseksepsies: non numeratae pecuniae (gelde nie betaal), non causa debiti (geen skuldoorsaak) en error calculi (berekeningsfout).

7. SERTIFIKAAT

'n Sertifikaat geteken deur 'n gevolmagtigde van die Werkgewer wat die skuldbedrag aantoon, of enige balans van tyd tot tyd, betaalbaar deur die Werknemer/Lid aan die Werkgewer is afdoende bewys van sodanige bedrag verskuldig vir doeleindes van vonnis.

_____
Parafeer

WERKNEMER/LID BESONDERHEDE

LID NR _____ WERKNEMER NR _____

VAN _____ VOORNAME _____

GEBOORTEDATUM _____ IDENTITEITSNOMMER _____

WOONADRES _____

_____

TEL NR (_____)_____ SELFOON NR _____

E-POS ADRES _____

WERKGEWER BESONDERHEDE

WERKGEWER NAAM _____

SAKE ADRES _____

_____

TEL NR (_____)_____ SELFOON NR _____

E-POS ADRES _____

EIS BESONDERHEDE

BEDRAG VAN EIS R_____
(Geraamde bedrag van werkgewer skade en verlies gelei)

SKULDOORSAAK: ☐ DIEFSTAL ☐ ONEERLIKHEID ☐ BEDROG ☐ WANGEDRAG

MOTIVEER AGTERGROND _____

GETEKEN DEUR DIE PARTYE

WERKNEMER/LID _____

DATUM _____ PLEK _____

WERKGEWER _____

VOLLE NAAM VAN GEVOLMAGTIGDE _____

DATUM _____ PLEK _____

LET WEL

- Die inligting weergegee in hierdie dokument sal as vertroulik hanteer word en sal slegs gebruik word vir die doel waarvoor dit bedoel is in terme van toepaslike wetgewing.